REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 413 CAPE TOWN, 24 NOVEMBER 1999 KAAPSTAD, 24 NOVEMBER 1999 No. 20653

OFFICE OF THE PRESIDENCY

No. 1401. 24 November 1999

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 43 of 1999: Abolition of Certain Title Conditions Act, 1999.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENSIE

No. 1401. 24 November 1999

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 43 van 1999: Wet op die Afskaffing van Sekere Titelvoorwaardes, 1999.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 18 November 1999.)*

# ACT

**To provide for the abolition of certain conditions in terms of which the consent or permission of the holder of an office under the Republic, the former Union of South Africa or any *dominium*, colony or republic which preceded the former Union of South Africa, is required for the alienation or transfer of immovable property from one person to another; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Abolition of conditions**

**1.** (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, but subject to section 2, any condition registered against any title before the commencement of this Act, whereby the consent or permission of the holder of an office under the Republic, the former Union of South Africa or any *dominium*, colony or republic which preceded the former Union of South Africa is required for the alienation or transfer of immovable property from one person to another, is hereby abolished.

(2) The registrar of deeds concerned must, in respect of each such condition, make such entries and endorsements in his or her registers or other documents as may be necessary to give effect to the provisions of subsection (1).

**Exclusions from application of Act**

**2.** Section 1 does not apply to any condition registered against a title, if such condition—

*(a)* is imposed under any town planning scheme;
*(b)* is imposed under a land use control mechanism having the effect of a town planning scheme;
*(c)* affects rights to minerals;
*(d)* determines a period during which a piece of land may not be alienated or transferred, if such period has not expired;
*(e)* determines that the ownership of a piece of land will revert to the State if that condition is breached;
*(f)* determines that the State may resume ownership of a piece of land for public purposes;
*(g)* establishes a right of pre-emption in favour of the State;
*(h)* was imposed as a condition of a permit or authorisation issued in terms of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), before the repeal of that Act by the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998);
*(i)* relates to land owned by the State; or
*(j)* relates to land of which the holder of the office in question is the nominal owner, holding it in a fiduciary capacity.

**Short title**

**3.** This is the Abolition of Certain Title Conditions Act, 1999.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 18 November 1999.)*

# WET

**Om voorsiening te maak vir die afskaffing van sekere voorwaardes ingevolge waarvan die toestemming of goedkeuring van 'n ampsbekleër van die Republiek, die eertydse Unie van Suid-Afrika of enige *dominium*, kolonie of republiek wat die eertydse Unie van Suid-Afrika voorafgegaan het, vereis word vir die vervreemding of oordrag van onroerende eiendom van een persoon aan 'n ander; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Afskaffing van voorwaardes**

**1.** (1) Ondanks andersluidende bepalings van enige wet, maar behoudens artikel 2, word enige voorwaarde wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet teen 'n titel geregistreer is, wat die toestemming of goedkeuring van 'n ampsbekleër van die Republiek, die eertydse Unie van Suid-Afrika of enige *dominium*, kolonie of republiek wat die eertydse Unie van Suid-Afrika voorafgegaan het vir die vervreemding of oordrag van onroerende eiendom van een persoon aan 'n ander vereis, hierby afgeskaf.

(2) Die betrokke registrateur van aktes moet ten opsigte van elke sodanige voorwaarde die inskrywings en endossemente in sy of haar registers of ander stukke aanbring wat nodig is om die bepalings subartikel (1) uit te voer.

**Uitsluitings van toepassing van Wet**

**2.** Artikel 1 is nie op 'n voorwaarde wat teen 'n titel geregistreer is van toepassing nie, indien daardie voorwaarde—

*(a)* kragtens 'n dorpsbeplanningskema opgelê is;
*(b)* kragtens 'n grondgebruiksbeheermeganisme wat die effek van 'n dorpsbeplanningskema het, opgelê is;
*(c)* regte op minerale raak;
*(d)* 'n tydperk bepaal waarbinne 'n stuk grond nie vervreem of oorgedra mag word nie, indien daardie tydperk nie verstryk het nie;
*(e)* bepaal dat die eiendomsreg van 'n stuk grond na die Staat sal terugval indien daardie voorwaarde verbreek word;
*(f)* bepaal dat die Staat eiendomsreg van 'n stuk grond vir openbare doeleindes mag herneem;
*(g)* 'n voorkoopsreg ten gunste van die Staat tot stand bring;
*(h)* opgelê is as 'n voorwaarde van 'n permit of magtiging wat ingevolge die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), uitgereik is, voordat daardie Wet deur die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998), herroep is;
*(i)* betrekking het op grond wat deur die Staat besit word; of
*(j)* betrekking het op grond waarvan die betrokke ampsbekleër die nominale eienaar is wat dit in 'n vertrouenshoedanigheid hou.

**Kort titel**

**3.** Hierdie Wet heet die Wet op die Afskaffing van Sekere Titelvoorwaardes, 1999.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—6000
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—6000